**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG (Tweede Vraestel: Geskiedenis van die Letterkunde)**

# POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

**INSTRUKSIES:**

- Die kandidaat moet VIER vrae beantwoord.
  - TWEE vrae uit Afdeling A
  - EEN vraag uit Afdeling B
  - EEN vraag uit Afdeling C
- Al die vrae is gelykwaardig en tel 30 punte elk.

## AFDELING A

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1

1.1 Elizabeth Eybers (1915 - hede) se gedigte strek vanaf ? jong meisie tot ? volwasse vrou. Lewer kommentaar oor haar eerste bundel, *Belydenis in die Skemering*. Jy mag afsonderlike gedigte uit die bundel in jou antwoord bespreek. (10)

*Hierdie bundel is haar debuutbundel. Wes-Transvaal is een van die hoogtepunte en stemmingsverse oor haar kinderjare word opgeroep. Die gedig* ***Maria*** *is op hierdie stadium van haar ontwikkeling verreweg die beste in die bundel. Hoofmomente uit Maria van Nasaret se lewe word in kontras gestel met die ondervindinge van Christus. Dit is een van die grootste gedigte van die dertigerjare.*

1.2 Gee die titels van VYF **ander** bundels wat deur Eybers geskryf is. (10)

*Die Stil Avontuur, Die vrou en ander verse, Die ander dors, Tussensang, Die Helder halfjaar, Kruis of munt, Einder, Dryfsand, Rymdwang.*

1.3 Die ouderdom en winterse wêreld oorheers in haar mees onlangse gedigte. Verwys spesifiek na TWEE gedigte uit *Rymdwang* wat ? beeld gee van die ouderdom en die aftakeling wat daarmee gepaardgaan.

*Kort aantekeninge oor "Wording", "Een en ander", "Samevatting". Ander gedigte uit **Rymdwang**.* 5x2=(10)

**VRAAG 2**

Nicolaas Petrus van Wyk Louw (1906 –1970) het in die dertigerjare ontwikkel tot die leidende figuur van sy generasie. Die volgende temas kom in Van Wyk Louw se werk voor:

- Sensitiewe waarneming van die natuur
- Suiwerder liefdesvers as dié van die ouer digters
- Poging tot rasionele deurgronding van God in ***In waansin het ek gevra***
- Die hoë en dwingende eise wat deur skoonheid aan die mens gestel word
- Preokkupasie met die digterskap in *Tristia*
- Die basiese stemming van weemoed en droefheid oor die mens in sy wanhoop in *Tristia*

Skryf kort aantekeninge oor enige VYF van die bostaande temas deur te verwys na gedigte van Van Wyk Louw. 5x6=**[30]**

*Uitvoerige besprekings van al die bogenoemdes in die Riglyne. Leerders mag na gedigte van hulle keuse verwys ter illustrasie.*

**VRAAG 3**

Die digkuns het in die sestigerjare van die vorige eeu onder die invloed van die Franse Surrealiste en die Vyftigers sterk in die rigting van die vrye vers beweeg.

3.1 Verduidelik in watter opsigte die Afrikaanse digkuns afgewyk het van die konvensionele poësie. Noem ten minste 5 aspekte wat verander het. 5x2=(10)

*Vrye vers; afwesigheid van punktuasie; vloekwoorde; beeldspraak en beeldingsvermoë verbluffend; erotiese verse; poësie sonder titels; vrye gebruik van enjambemente; kritiek op die politieke bestel, temas van betrokkenheid en ballingskap.*

3.2 Noem en bespreek kortliks TWEE gedigte van Breyten Breytenbach waarin hy die ambivalensie oor sy vaderland uitspreek. 2x2=(4)

*Tot siens Kaapstad; Wat die hart van vol is; Luistervink of vele ander uit Huis van die dowe en ook ander bundels.*

3.3 Gedigte wat opgedra is aan sy ouers, is van Breytenbach se beste werk. Noem en bespreek TWEE van hierdie gedigte kortliks. 2x2=(4)

*Brief van hulle vakansie; ? Hand vol vere. Enige twee van ? verskeidenheid gedigte oor hierdie tema mag bespreek word.*

3.4 Voltooi die titels van die volgende bundels van Breytenbach:

Die huis van ________ *Antwoord - die dowe*
Die ysterkoei ________ *Antwoord - moet sweet*
Om ? sinkende skip ________ *Antwoord - blou te verf* 3x1=(3)

3.5 Gee ? kort biografiese opsomming van Breyten Breytenbach se agtergrond. (9)

*Sien asb. riglyne vir volledige bespreking:*
*Breytenbach (1939 - ) verteenwoordig ? nuwe inset vir die Afrikaanse letterkunde deur die vryer, uitgesproke erotiek en deur die temas van ballingskap en betrokkenheid. Onder die invloed van die Franse Surrealiste en die Nederlandse Vijftigers skryf hy ? vrye vers wat ongebonde is aan vaste versvoete. Hy is bekend vir die vermoë om dodelike erns met die lagwekkende en die verrassingsmomente te kombineer. Bundels is o.a. Die ysterkoei moet sweet. Die huis van die dowe. Kouevuur, Loftus, en nog meer. Die ervarings in die gevangenis vorm in groot mate die grondslag van die prosabundel* Mouroir *(1983), maar Breytenbach slaag daarin om telkens die outobiografiese illusie van die ek-verteller met ander elemente te verbind wat die ervaring verhef tot iets bopersoonliks. Nog werke wat uit tronkbelewenisse neerslag vind, is <u>The true confessions of an albino terrorist</u>, <u>Om te vlieg</u>. (Ander relevante inligting oor die lewe van die digter is in die riglyne.)*

AFDELING B
**PROSA**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4**

4.1 Bespreek enige van die kortverhale wat jy bestudeer het aan die hand van DRIE van die volgende aspekte: Verskaf die titel van die verhaal, asook die naam van die skrywer.

- Eksistensialisme
- Simboliek
- Sosiale kommentaar
- Karakterisering 3x5=(15)

*Leerders moet hier bewys lewer dat hulle die literêre begrippe verstaan, dit kortliks definieer en dit van toepassing kan maak op ? kortverhaal.*

4.2 Maak ? opsomming van een van die kortverhale wat jy bestudeer het, en gee aandag aan die **spanningslyn** die **klimaks** en die **ontknoping** van die kortverhaal. (15)
**[30]**

**VRAAG 5**

Die roman wat jy vanjaar bestudeer het, voldoen aan die vereistes van die "nuwe" vertelstyl. Soos in die geval van skrywers soos Etienne van Heerden, Brink en Leroux, is daar ? bewustheid van die tradisionele lokaal-realistiese plaasroman. ? Nuwe bewussyn word geskep deurdat die vertelling eerder ? relevante proses van ? omkyk uit die hede as ? "terugkyk" is. Bespreek hoe die roman wat jy bestudeer het, relevansie behou ten spyte van die feit dat dit verwys na sake wat verby is. Bespreek ten minste SES van die onderstaande aspekte in jou antwoord:

- Aktualiteit
- Sosiale en/of historiese kommentaar
- Ironie
- Karakterbeelding
- Humor
- Vertelstyl
- Simboliek

6x5=**[30]**

*Die perspektief van die verteller in die moderne roman is aktueel en nie stereotiep soos vroeërjare nie. Skrywers wat ? groot bydrae in hierdie genre lewer, is André Brink, Etienne van Heerden, Etienne Leroux, Elsa Joubert en ander. Die emosies en reaksies van die verteller reflekteer die werklikheid van die mens en word nie deur die historiese tydperk en gegewens oorheers nie. Die karakters word geloofwaardig voorgestel, en dit is moontlik om met hulle te identifiseer, ongeag ras, geslag of tydsgewrig. Die dialoog is lewendig in dié sin dat daar ? bewussyn is van wat mense ervaar/belewe ongeag die tydperk waarin hulle sou geleef het. In die woorde van die Suid-Afrikaanse skrywer, Ann Harries (<u>No Place for a Lady</u>), wat handel oor die boereoorlog: "The purpose of fiction is to shake us up and remind us that our intense human loneliness is just an Illusion". "We're all loving, losing, fucking and dying." Die Groot Trek, Franse Revolusie, Kaapse romans, ens. waarin die romantiese voorstelling van die tydperk te veel aandag geniet het, moet plek maak vir toespitsing op algemeen universele temas wat nie tydgebonde is nie. Om geloofwaardig te wees sal die opheffing van die verskille tussen hede en verlede wegval, en die integriteit van die werk behoue bly, aangesien die menslike dilemma dieselfde bly.*

AFDELING C
**DRAMA**

**VRAAG 6**
**VERPLIGTEND**

6.1 Gee ? kort opsomming van die inhoud van die drama wat jy vanjaar behandel het.
NB: Sluit die titel van die drama asook die outeur in (15)

6.2 Gee ? lys van die karakters wat in hierdie drama voorkom. Gee ? kort beskrywing van elke rol. 5x2=(10)

6.3 Gee ? volledige uiteensetting van die didaskalia in hierdie drama, die lys van karakters in Vraag 6.2 uitgesonderd. (5)
**[30]**

*Die leerders is in die Riglyne aangesê om enige drama van Reza de Wet, Chris Barnard, Pieter Fourie, P.G. du Plessis, Bartho Smit te bestudeer.*

**TOTAAL: 120**